Trekkers Buitelug Ontspannings Klub
Laager 20

Posbus 30358
Pellissier
Bloemfontein

0514225827

9 Augustus 2016

Goeie dag Trekkers en Vriende

Hannes was nie by die uitstappie, daarom skyf ek Elize die brief namens hom.

Die winter het uiteindelik gekom. Hoop julle almal is nog gesond en aan die gang!

Die uitstappie na Reddersburg is bygewoon deur Neels en Elize, Christa, Koos en Marietjie, Mitzi en haar vriendin Yvonne, Hein, Sarieta en kinders, Wynand, Lizette en hulle kroos.

Oom Ouboet en Tannie Henriëtte, was ons toergidse vir die uitstappie. Hulle het ons in die dorpie rond geneem en baie interessante plekke gewys en die geskiedenis vertel. Die eerste kerk, eerste skooltjie (baie mooi behoue gebly, word tans as woonhuis gebruik), tronk, die baie ou boom waaronder die Dopper kerk gestig is en nog vele meer.

Na die toer het almal by die Uitspan restourant ge-eet. Heerlike boere kos en poeding. Julle kan gerus soontoe ry en hulle gaan ondersteun, heerlike kos en baie gasvry.

Na die ete het almal huiswaarts gekeer. Dankie aan Wynand wat agter Mitzi en gery het, om seker te maak dat hulle veilig by die huis kom.

Die volgende uitspan sal die Fondue wees by die Van Niekerks. Berenice reël die fondue, sy sal vir ons die aankope doen en die koste uitwerk. Hou die group dop vir die finale reëlings. Onthou asb. as julle aangedui het dat julle dit sal bywoon, julle verantwoordelik sal wees vir julle gedeelte van die koste. . Hou die WhatsApp group dop.

Ons het by die opstel van die jaar program besluit dat ons nie die kinders by die fondue aan toelaat nie, die rede is dat daar panne met warm olie gaan wees, en ons is net versigtig dat die kinders nie brand nie. Papa en mamma reël asb. vir ouma of die oppasser om na die kids te kyk.

.



Volgende Uitspan!

Fondue By die Van Niekerk's

27 Augustus 2016

"Marshals" – David en Berenice

Koste

Sal later deur gegee word.

Sien julle dan by die volgende uitspan.

Trekkers groete.

Hannes J van Vuuren

